



Tshepo se sandale

Skrywer: *Marita Rademeyer*

Kunswerk: *Dewalt Meyer*

Tema: *Skep jou eie lewenspadjie, jy hoef nie in ander se spore te loop nie*

Gepaste ouderdomsgroep: *8 jaar en ouer*



'n Lang tyd gelede het Son vir Moeder Aarde gesê: "Ek stuur vir jou 'n spesiale naam. Hou dit veilig by jou tot jy eendag die spesiale naam vir 'n spesiale kind kan gee". Die spesiale naam was Tshepo, wat Hoop beteken in seSotho, een van die tale van Suid Afrika. Son het die naam in 'n sonstraal toegedraai en gestuur na Moeder Aarde, wie dit veilig naby haar hart gehou het.

Wie sal hierdie spesiale naam kry? Moeder Aarde het gewag en gewag, tot daar eendag 'n spesiale babatjie gebore is. Sy noem hom toe Tshepo. Hy was 'n gesonde baba. Hy het sy mamma se melk gedrink, goed geslaap en geleer hoe om te glimlag vir die mense rondom hom. Met tyd het hy begin soliede kos eet, geleer hoe om te kruip, om op sy eie twee voete te staan en te loop. Hy was altyd kaalvoet.

Soos wat Tshepo beter raak met loop het hy verder en verder van sy huis af begin wandel. Eendag het hy uit die dorpie geloop tot in die veld vir die eerste keer. Hy het tonne asemrowende dinge gesien wat hy nog nooit gesien het nie. Hy het yslike groot bome met harde bas en sagte blare gesien. Hy het klein goggas sien skarrel op die grond. Hy het pragtige bokkies gesien wat nuuskierig en skrikkerig vir hom was.

Tshepo het 'n wonderlike tyd gehad om die veld te verken, maar toe hy by die huis kom teen sonsondergang, was sy voete so seer van loop op dorings en klippies. Hy het 'n paar mense gesien met skoene om hulle voete te beskerm en hy begin toe rond soek vir 'n paar skoene vir homself. Hy het gevind waarvoor hy soek onder 'n bos – swart skoene met silwer gespes en dik, dik sole. Die skoene was gans te groot vir hom en aan die begin kon hy skaars daarmee loop, maar hy was vasberade om te probeer. Hy het die skoene elke dag vir 'n bietjie langer en langer gedra totdat hy gewoon geraak het daaraan. Op die ou end het hy selfs die skoene bed toe gedra!



Toe Tshepo in die veld geloop het, het die skoene sy voete beskerm. Dit was wonderlik, maar die probleem was dat die skoene die pragtige veldblommetjies, insekkies en skoelappers platgetrap het. Hulle het die molshoop platgetrap, hulle het selfs eenkeer 'n hasie gejaag en geskop. Eendag het Tshepo op 'n klip gesit en gedink oor dinge. Hy het gekyk hoe die skoelappers op die blommetjies gaan sit. Hy het gekyk hoe die sprinkane in die gras rondhop. Hy het geluister hoe die voëltjies sing. Hy was lief vir die veld en die blommetjies en die diertjies en wou dit nie seermaak nie, maar hy moes sy voete beskerm om vrylik in die veld te loop. Wat moes hy doen?

Op die ou end het Tshepo besluit om sy eie sandale te maak. Hy het bas, blare, gras en riete versamel en het tyd spandeer om alles saam te weef. Hy het 'n pragtige paar veldsandale gemaak!

Dit het hom perfek gepas en hy het gaan loop in die veld met 'n gelukkige hart. Hierdie keer het hy glad nie die veld seergemaak nie. Een of twee dorings en 'n baie klein klippie het in sy sandale gesteek, maar hy het hulle maklik uitgehaal.

Tshepo het die groot, swaar, swart skoene teruggesit waar hy hulle gevind het. Son en Moeder Aarde het geglimlag toe hulle hom sien. Son het vir Moeder Aarde gesê: "Die seun

is werd sy naam. Hy het geweet daardie skoene was nie reg vir hom nie. Hy het sy eie sandale gemaak sodat hy kan loop op die manier wat waarlik reg is vir hom". Daardie aand het Tshepo vol vreugde in sy hart geslaap – 'n spesiale seun met 'n spesiale naam en spesiale sandale gereed vir die volgende dag.



Moontlike besprekingspunte:

Hy het geweet daardie skoene was nie reg vir hom nie. Hy het sy eie sandale gemaak sodat hy kan loop op die manier wat waarlik reg is vir hom". Daardie aand het Tshepo vol vreugde in sy hart geslaap.